

**28 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:13**

**Fokusgedeelte: Titus 2:14**

### **Sy Eiendom! (2)**

Lees Titus 2:14 saam met 1 Korintiërs 10:13: "Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek [beteken ook: 'beproef'] word nie..." Kom ons stel ook hierdie woord *versoek* ("beproef") ook as 'n punt voor, maar ons plaas hierdie punt op enige plek buitekant die sirkel. Skryf nou by daardie punt neer wat jou moeilikste versoekinge en beproewinge in die lewe is. Jou boesemsonde, jou grootste bekommernis, jou diepste teleurstelling. Probeer nou hierdie punt buite die sirkel (jou versoeking of beproewing) verbind met die punt binne die sirkel (jy as verlost kind van God). Die verbindingslyn moet eers die omtrek van die sirkel iewers sny voordat dit by die punt binne-in die sirkel kan kom. Dit beteken dat nikks met jou kan gebeur sonder die wil van God en sonder dat God dit weet nie. Satan moes eers toestemming van God kry voordat hy rampe en ellende oor Job kon bring! Omdat God se uitverkiesende liefde en genade ons aan alle kante omring, kan ons dus nooit bokant ons kragte versoek of beproef word nie. God sal nooit toelaat dat enigiets of enigiemand ons uit sy hand ruk nie. Niks kan ons van sy liefde skei nie. Niks! Onse Here Jesus Christus het ons met sy bloed losgekoop van die vloek en die straf van die sonde en van alles wat ons van God se liefde kan skei. Omdat ons vir tyd en ewigheid veilig is, kan ons rustig wees. Ons kan ons ywerig toelê om die goeie te doen en 'n dankbaarheidslewe te leef tot eer en verheerliking van God.

*Sing: Skrifberyming 10:3,5,6 Ds MP Harris (Witbank-Suidoos)*